

Hoofstuk van die dag: Nehemia 4

> *Ons het tot ons God gebid en dag en nag wagte teen hulle uitgesit. (vers 9)*

Een van die duiwel se strategieë om gelowiges van die spoor te kry, is spot en verkleinering. Dreigemente gebruik hy ook. Om

dan staande te bly, het jy ’n innige gebedslewe nodig. Dit is wat Nehemia en sy mense doen teen die aanvalle van Sanballat en sy trawante met die skerp tonge.
Waarskynlik kom die oud-kerklike Latynse uitdrukking _ora et labora_ (bid en werk) van hierdie gedeelte. Nehemia-hulle het gebid, maar ook met deeglike beplanning en ’n goeie netwerk van informante geseëvier.
’n Mens kan maklik wonder oor Nehemia se wraak-gebed (vers 4-5), maar dit gaan hier nie om persoonlike wraak nie, maar om die eer van God, want ten diepste is dit God se saak wat bespot en uitgedaag word deur die vyand. God laat Hom nie bespot nie (Gal 6:7).
Wat Nehemia reggekry het, is om die volk ’n besef van eiewaarde te gee. Danksy hom het hulle nie sommer gaan lê uit moedeloosheid nie, want hulle besef dat hulle onder beskerming van die Allerhoogste leef en werk. In Hom is hulle immers meer as oorwinnaars, soos Paulus jare later sou skryf (Rom 8:31-39).
Bid en werk. Dis ’n wenresep, vandag nog.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026